

# St. Abraham die Arme

## 27 Oktober

(sterf 327)

Hierdie geliefde Egiptiese heilige staan bekend as ‘die Arme’ en ook as ‘die Kind’ vanweë sy eenvoudige armoedige leefwyse en kinderlike geloof en opregtheid. Hy is in Menoef naby die moderne Kaïro gebore. Hy word ’n dissipel van die heilige Pachomius, wat as die vader van die kluisenaarslewe en latere kloosterlewe beskou word. Drie-en-twintig jaar lank het hy St. Pachomius gevolg. Daarna het hy vir sewentien jaar alleen in ’n grot in die Nyl-delta gaan woon, waar hy ‘n lewe van gebed en vrywillige ontbering gelei het.

© Die Oratorium Uitgewery